Wees Uself

Laerskool Jan van Riebeeck

ADRES: Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
E-POS: ontvangs@jvrprim.co.za
WEBTUISTE: www.laerskooljanvanriebeeck.co.za
TEL: 021 423 4209

Wees jouself

# JAARVERSLAG 2023

## Inleiding

Dit is vir my 'n groot eer en voorreg om die 2023 jaarverslag van Laerskool Jan van Riebeeck aan julle voor te hou. Die doel van die verslag is om 'n bondige oorsig van die jaar se gebeure oor te dra.

## Algemeen

Vanjaar is gekenmerk as 'n besondere bedrywige jaar, veral met die sportspyskaart wat heelwat meer geleenthede as die vorige jaar opgedis het. Alhoewel dit 'n besige jaar was, word dit verder gekenmerk deur verskeie merkwaardige prestasies op akademiese-, kulturele- en sportgebied.

Prestasie is goed, maar dit is belangriker dat ons leerders in die ware sin van die woord Jannie-wees kon wees en dit beteken … gelukkige leerders, gebalanseerde omgeemense en 'n kultuur wat na die kind in totaliteit kyk.

Ons spreekwoordelike beker van dankbaarheid loop oor as ons terugkyk oor nog 'n ongelooflike jaar waar ons nie net met sport-, kulturele- en akademiese louere weggestap het nie, maar ook het die onderrigpersoneel begin om ons eerste digitale- en 'lewendige' kurrikulum met leermateriaal op die MS Teams platform te ontwikkel. Ons visie is dat ons vanaf 2025 amptelik ons eie, unieke digitale leermateriaal gaan uitrol en in die proses minder afhanklik van handboeke sal wees. Vanaf 2025 sal al ons Gr. 5 – 7-leerders met 'n tablet/skootrekenaar voorsien word.

## Beheerraad en Opvoedingstrust

Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om ons dinamiese Beheerraad hartlik te bedank vir hul insiggewende insette, kosbare tyd en toegewydheid om Laerskool Jan van Riebeeck na hoër hoogtes te lei en in die proses onsself as een van die top laerskole in die land te vestig. Baie dankie aan ons BR-Voorsitter, Merwe Scholtz, vir sy strategiese leiding om te verseker dat ons skool van krag-tot-krag gaan met 'n sterk akademiese inslag, maar ook terselfde tyd leerders toe te laat om solank moontlik kind te wees.

'n Besondere woord van dank ook aan ons Opvoedingstrust wat jaar-in en jaar-uit behulpsaam is met fondsinsamelingsprojekte asook die befondsing van projekte by die skool om die funksionaliteit van die skool te bevorder.

**Akademie**

Ons skool se spreekwoordelike vlagskip is beslis ons akademie en ons is voorwaar geseënd met 'n sterk akademiese kultuur. Dit behels ontwikkeling en ondersteuning op verskillende maniere. Ons poog om leerders op alle vlakke te verryk d.m.v. inter-aktiewe leer, akademiese weke, allerhande olimpiades en kompetisies.

**Grondslagfase (Gr. 1 – 3)**
Deeglike opleiding vir alle graad 1-opvoeders het plaasgevind om die nuwe klankebenadering naamlik *Klankeland* in graad 1 te implementeer. Hierdie program bied uitstekende ondersteuning vir enige leerder wat sukkel met die benadering tot woord- en klankherkenning. Die graad 1-opvoeders het dit in hul klasonderrig geïmplementeer en dit het 'n reuse verskil gemaak. Die WKOD het ons graad 1-leerders kom toets om die sukses van die program te bepaal. Ons is baie trots om te kan spog dat ons skool die beste in ons kring gevaar het. Funda Wande maak reeds 'n groot verskil en met die byvoeging van *Klankeland* het ons leerders se leesvaardighede nuwe hoogtes bereik. Die graad 2-opvoeders is hierdie jaar opgelei om die Funda Wande program en *Klankeland* in die klaskamer toe te pas.

Die leerders het hierdie jaar blootstelling aan die WOW-spelkompetisie (eerste keer vanaf 2019) gekry en sekere leerders het na die tweede rondte deurgedring. Die leerders kon met selfvertroue woorde 'babbel en krabbel' (skryf en klank).
Dit was ook 'n riem onder die hart om te sien hoe sekere opvoeders die nuwe graadskuiwe geniet wat aan die einde van 2022 aangekondig is. Nuwe inspirasie en idees is gedeel en elke opvoeder kon hulself ten volle in hul klas uitleef. Hierdie opvoeders het ook nuwe projekte aangepak.

Die graad 2's het besluit om hierdie jaar hande met die meganiese ingenieur- studente van CPUT Mowbray Kampus te vat. Die *My Machine*-projek het ons leerders die kans gegee om buite die boks te dink en daardie ontwerpe tot lewe te bring. Die leerders het die voorreg gehad om hierdie kreatiewe idees te ontwerp en aan hul groeplede en die studente te kommunikeer. Die studente het 'lewe' in die ontwerp geblaas en dit vir die leerders kom wys. Ons leerders het soveel uit hierdie projek geleer terwyl kritiese- en kreatiewe denke bevorder is.

Skryf- en leesvaardighede was die kern van ons fokus hierdie jaar. Graad 1's het die voorreg gehad om hulle handskrif en klanke te oefen deur dit met bordkryt in die vierkant te skryf. Dit het die leerders die geleentheid gegee om vaardighede op 'n speel-speel manier te bevorder. Die leesprogram het 'n liefde vir lees gekweek. Elke tweede Dinsdag se leesperiode was op 'n buitengewone en interessante manier aangebied.





Die Akademiese week het die grondslagfase leerders op 'n holistiese manier ontwikkel. Die leerders het hul alledaagse leerareas op 'n prettige en leersame wyse aangepak. Hulle het deur praktiese, kreatiewe en buitengewone maniere geleer en is blootgestel aan verskeie buitemuurse aktiwiteite en kultuurryke ondervindinge wat nie tydens normale skoolure plaasvind nie.

Tydens kwartaal 4 is deurlopende assessering vir graad 1 en 2-leerders geïmplementeer. Hierdie gemaklike manier van assessering het 'n positiewe impak gemaak en onnodige angs en moegheid by die leerders verminder. Met die skryf van ons eie kurrikulum in die grondslagfase, was daar die geleentheid vir interaktiewe leer. Leerders kon aktiwiteite in groepe aanpak en digitale aanbiedinge is baie meer in die klaskamer gebruik. Opvoeders het van verskeie bronne gebruik gemaak om hul digitale vakinhoud aan te bied. Hierdie manier het die oordra van kennis visueel en ouditief aanloklik gemaak. Verryking is toegepas en leerders is gereeld op uitstappies geneem. Uitstappies is baie opwindend en was 'n guldige geleentheid om algemene kennis uit te brei.

**Intersenfase (Gr. 4 – 7)**

***Hoogtepunte:***

- Gr. 5-leerders word elkeen vanjaar met 'n skootrekenaar/tablet toegerus om gebalanseerde digitale en interaktiewe leer te implementeer.
- Ons skool migreer weg van die Google werkspasie en na Microsoft Education – fokus geskied hoofsaaklik op MS TEAMS.
- Opvoeders skep geïntegreerde kurrikulum op TEAMS om leer meer modern, 'lewendig' en relevant te maak. Ons beweeg stadig maar seker weg van handboeke.
- Opleiding om Microsoft TEAMS effektief te gebruik asook om digitale kurrikulum saam te stel, word bygewoon.




- Akademiese week wat fokus op geïntegreerde leer is vanaf 25 Augustus – 02 September aangebied. Tema: Dis 'n KUNS om 'n Jannie te wees - was 'n reuse sukses.




- Vanaf ons sistemiese uitslae van 2022, het ons skool ons eie leesprogram saamgestel waarop ons fokus op lees in alle fasette.

- Veertig van ons Gr.4-7-leerders het hierdie jaar aan die Eisteddfod se Literatuurstudie-afdeling deelgeneem. Die leerders moes binne twee ure 'n onderwerp kies om 'n kreatiewe storie op te dis wat vir beoordeling gestuur is.
  Baie geluk aan die volgende leerders wat uitstekend gevaar het:
  **Gr.4**
  Lof: Jenna Erasmus, Quinn du Toit en Alienor Coetzer-Dereymaeker
  **Gr.5**
  Lof+: Annalene Viljoen en Jack Dawes
  Hoogste Lof: Amelie van der Walt en Katryn Silvis
  **Gr.6**
  Lof: Ané Swanepoel, Lukas Welgemoed en Isabella Marais
  Lof+: Bernardo Oosthuizen
  Lof++: Daniella Boshoff, Conrad Slabbert, Leah de Kock en Willem Vorster
  **Gr.7**
  Lof: Gemma de Vries, Pierre-Jaque Smit, Annabel Koen, Lida-Mari Bosman en Sofia Newton
  Lof+: Katia van Wyk

Ons is veral trots op Katryn Silvis (Gr.5) en Amelie van der Walt (Gr.5) wat Hoogste Lof ontvang het. Amelie het 'n silwermedalje losgeskryf en sal dit tydens die Eisteddfod se spesiale prysuitdeling ontvang. Een ding is seker... ons Jannies kán skryf!

- Algemene kennis – Elke kwartaal is 'n algemene kennis toets geskryf waar leerders se beste gemiddelde 'n wenner in die skool bepaal.
- Graad 7's het aan ons interne NW-Ekspo deelgeneem. Met groot entoesiasme en sukses is hierdie projek oor twee kwartale aangepak.
- Wiskunde: Daar word reg deur die jaar baie klem op Wiskunde gelê deur dit op praktiese maniere aan te bied. Ons doen dit deur verskillende metodes in die klas te gebruik asook om ons leerders aan verryking bloot te stel. Daarom neem ons Gr.4 – 7-leerders jaarliks aan olimpiades en wiskundekompetisies deel. Dit sluit in: SAMF-Wiskunde-olimpiades, Horizon-Wiskundekompetisie, ''Living Maths'' olimpiade en die Melkbos-Wiskundekompetisie. 'n Heerlike Wiskundekamp is vir die leerders aangebied waartydens die fokus op pret en verryking geval het, dus word daar geleer deur pret te hê. Die leerders het die geleentheid terdeë geniet.
- Gr. 7's se Top 10 prestasie word elke kwartaal aangekondig om motivering aan te wakker ter voorbereiding vir die hoërskool.
- Leerontwikkelingsentrum: Deurgaanse vordering en ondersteuning word hier gemonitor.

'n Belangrike komponent van akademie is om 'n sterk leerontwikkeling en ondersteuningsentrum te skep waar alle leerders gehelp kan word wat 'n sekere uitval/intervensie/verryking op 'n sekere tydstip benodig om effektiewe leer in die toekoms te verseker. Die leerontwikkelingsentrum was baie bevoorreg om 'n nuwe spraakterapeut aan te stel. Lilan Starker werk een dag per week vir die skool. Die leerondersteuning volg die SIAS-proses van die departement en leerders met akademiese-, emosionele- en leeruitdagings word verwys na die verskillende dienste wat die sentrum bied.

Die volgende getal leerders is gedurende die jaar deur verskillende dienste van die sentrum ondersteun. Wat hierdie data so interessant maak, is dat die statistiek nie net behoeftige leerders

insluit nie.  Demografie van die sentrum is baie divers wat die belangrikheid van hierdie been van akademie beklemtoon.

**UITEENSETTING VAN LEERDERS WAT DEUR DIE SENTRUM GEDURENDE 2023 ONDERSTEUN IS:**

| Grade | Leersentrum | RO | Sielkundige dienste | Spelterapie | Arbeids-terapie | Spraak-terapie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **R** | 32 | 0 | 12 | 8 | 3 | 9 |
| **1** | 54 | 22 | 10 | 6 | 4 | 12 |
| **2** | 34 | 16 | 7 | 4 | 4 | 3 |
| **3** | 42 | 13 | 9 | 7 | 7 | 6 |
| **4** | 23 | 15 | 3 | 1 | 1 | 3 |
| **5** | 27 | 13 | 5 | 4 | 4 | 1 |
| **6** | 24 | 10 | 6 | 3 | 3 | 2 |
| **7** | 15 | 5 | 9 | 0 | 0 | 1 |
| **TOTAAL** | **251** | **94** | **61** | **33** | **26** | **37** |
| **%** | | **37%** | **24%** | **13%** | **10%** | **15%** |

Leerders wat vanjaar konsessies ontvang het:


| GRADE | GETALLE |
|---|---|
| **4** | 7 |
| **5** | 10 |
| **6** | 13 |
| **7** | 12 |

Goeie strukture en prosesse plus pro-aktiewe beplanning stel ons in staat om leer en onderrig so effektief moontlik te laat geskied.  Gebalanseerde klasindelings, deeglike oorgangsgesprekke van een graad na die volgende berei die opvoeders so goed moontlik voor op die leerders waarmee hul werk.  Ouerinligtingsgeleenthede word so gereeld moontlik geskep sodat ons ope gesprekke oor ons leerders met hul ouers/voogde kan voer.  Terugvoer en gereelde kommunikasie rakende leerders se vordering is vir ons baie belangrik.


Ons glo daaraan om aan die einde van elke jaar deeglike oorgeegesprekke van een registeronderwyser na die ander te voer.  Hierdie inisiatief vorm deel van die klasindelingsproses. Ons poog ook om ouers so goed moontlik vir die volgende onderwysfase (Grondslagfase / Intermediêre / Senior Fase) voor te berei deur verskeie inligtingsgesprek-geleenthede te skep.  Die puik bywoning en betrokkenheid van ons skoolgemeenskap by hierdie geleenthede is ‘n bewys waarom ons skool met puik akademiese resultate kan spog.

Onderskeie prysuitdelingsgeleenthede het in die skoolsaal plaasgevind om afsluiting van die akademiese jaar te bied.  Ja, nie alle leerders kan trofees vir hul akademiese prestasies ontvang nie en dis ook nie ons doel om leerders wat wel op hul eie manier vorder, te verneder nie.  Ons gee wel erkenning aan elke leerder se unieke vordering gedurende die jaar deur ‘n spesiale sertifikaat aan elkeen toe te ken.  Dis net so belangrik om akademiese erkenning as kultuur- en sporterkenning te gee.

Sien hier onder die algemene gemiddelde persentasies per graad vir die Grondslagfase (Gr. 1 - 3) oor die afgelope akademiese jaar:




Sien hier onder die algemene gemiddelde persentasies per graad vir die Intersenfase (Gr. 4 - 7) oor die afgelope akademiese jaar:




**<u>Sport</u>**

**(a) Binne skoolverband**

Na 2021 waar alle sport in 2022 kon voortgaan soos normaal het die fokus geskuif om gedurende 2023 heelwat meer geleenthede vir ons leerders te skep. Dit sluit in oefentye, wedstryde asook toernooie en byeenkomste. Vanaf die atletiekbyeenkoms in Desember 2022 kon ons duidelik die verskil in deelname sien. Ons leerders wou baie graag aan alle aktiwiteite deelneem. Deur strategiese beplanning en duidelike kommunikasie het ons skoolgemeenskap vroegtydig geweet van alle wedstryde, toernooie, klinieke en byeenkomste, wat bygedra het dat meer leerders aan sport begin deelneem.

**Somersport:**
Ons het in 2023 ons eerste ouer-en-kind sportdag aangebied waar gesinne aan verskillende sportaktiwiteite kon deelneem. Dit was 'n groot sukses en sodoende het ons meer leerders betrek om sport te beoefen.

<u>Ons het hierdie jaar vir die volgende sportkodes se ligas ingeskryf:</u>
- Krieket (mini-krieket en senior)
- Tennis (Table View en Noordelike liga deelname)
- Atletiek (die onderskeie rondtes om vir WP te kwalifiseer asook ander byeenkomste)

Vir al die sportkodes het ons aan ekstra toernooie asook addisionele vriendskaplike wedstryde deelgeneem.

**Krieket**
Vir die eerste keer het ons vriendskaplike wedstryde vir ons o.7 en o.8-krieketspanne gereël wat die leerders baie geniet het.
Ons kon ook vir die eerste keer twee spanne vanaf o.7 – o.11 laat deelneem. Vanaf o.9 – o.13 het elke span die geleentheid gekry om meer as 10 wedstryde te speel.

**Tennis**
Ons tennis het beslis nuwe hoogtes bereik deur vanjaar vir die eerste keer vir Laerskool Durbanville se eerste seunspan te wen en ons dogterspan het vir Laerskool Kenridge gewen en gelykop teen Laerskool Gene Louw gespeel.
Ons het vir die eerste keer 6 spanne in die onderskeie ligas ingeskryf en het merkwaardige resultate behaal.

**Atletiek**
Ons het vanjaar weer die jaarlikse Interskole atletiekbyeenkoms aangebied waar 9 skole teen mekaar meegeding het om te bepaal watter atlete na die Sone-byeenkoms vorder. Ons het 18 atlete gehad wat vir die Sone-byeenkoms gekwalifiiseer het. Daarna het 9 van ons atlete vir die WP-kampioenskappe gekwalifiseer.

Ons het op 06 en 08 Desember die jaarlikse kleure-atletiekbyeenkoms te Hoërskool Jan van Riebeeck aangebied. Op Woensdag, 06 Desember, het die velditems plaasgevind en op Vrydag, 08 Desember, die baanitems wat ook die optogte van beide huise ingesluit het. Dit was beslis die beste kleure-atletiekbyeenkoms wat ek nog by ons skool beleef het. Die gees onder die leerders, ouers/voogde asook die personeel was inspirerend. Baie geluk aan die Huis van Blou wat vanjaar die gewilde geesbeker verower het en Huis Oranje wat vanjaar met die wenbeker weggestap het.





**Tweekamp**
Delmar Benecke het ‘n wonderlike seisoen beleef. Hy het WP-kleure in Tweekamp behaal en wen die WP-kampioenskappe. Delmar het uitstekend by SA’s gevaar en ‘n algehele 7de plek verower.

**Swem**
Vir die eerste keer het ons gedurende die afgelope kwartaal deelgevorm van die Atlantic Seaboard swemgalas. Daar word gepoog om elke Vrydag aan ‘n gala deel te neem. Ons het slegs aan 3 van die aflosgalas deelgeneem met soveel as 79 swemmers wat kon deelneem. Ons poog om ons “squad” vir 2024 uit te brei en oggendsessies voor skool vir hulle aan te bied.

**Wintersport**
Ons wintersportspanne het fantasties gevaar met merkwaardige resultate. ‘n Totaal van 586 wedstryde is in kwartale 2 en 3 gespeel.

Ons het hierdie jaar vir die volgende sportkodes se ligas ingeskryf:
- Netbal
- Rugby
- Hokkie
- Skaak
- Landloop

**Netbal**
Die o.13A-netbal het vanjaar hul liga met ‘n merkwaardige wenrekord van 90% vir die hele seisoen gewen. Baie geluk aan ons puik o.11A-span wat vanjaar die seisoen onoorwonne afgesluit het.

Ons kon vanjaar amper in elke ouderdomsgroep drie spanne op die baan sit.  Sien hier onder die winterseisoenuitslae vir die o.7 – o.13-netbalwedstryde per span:

| Spanne | Wedstryde | Wen | Gelyk | Verloor |
|---|---|---|---|---|
| o.7A | 19 | 5 | 4 | 10 |
| o.7B | 15 | 4 | 2 | 9 |
| o.7C | 4 | 1 | 0 | 3 |
| o.8A | 21 | 15 | 2 | 4 |
| o.8B | 19 | 10 | 1 | 8 |
| o.8C | 4 | 0 | 0 | 4 |
| o.9A | 17 | 8 | 2 | 7 |
| o.9B | 15 | 7 | 1 | 7 |
| o.9C | 2 | 0 | 0 | 2 |
| o.10A | 25 | 19 | 2 | 4 |
| o.10B | 13 | 9 | 0 | 4 |
| o.11A | 21 | 21 | 0 | 0 |
| o.11B | 16 | 8 | 0 | 8 |
| o.11C | 8 | 8 | 0 | 0 |
| o.12A | 25 | 14 | 0 | 11 |
| o.12B | 13 | 11 | 0 | 2 |
| o.13A | 29 | 26 | 0 | 3 |
| o.13B | 14 | 11 | 1 | 2 |
| o.13C | 9 | 3 | 0 | 6 |

**Rugby**
Die o.13A-span het vir die eerste keer die Interskole teen Laerskole Dirkie Uys en Welgemoed gewen.  Hulle het ook tydens die liga vir die eerste keer Laerskool Kenridge gewen en die seisoen met ‘n indrukwekkende 80% wenrekord afgesluit.  Sien hier onder die aantal wedstryde wat elke span gespeel het:

| Spanne | Wedstryde | Wen | Gelyk | Verloor |
|---|---|---|---|---|
| o.7A | 15 | 4 | 1 | 10 |
| o.7B | 12 | 7 | 1 | 4 |
| o.8A | 15 | 5 | 0 | 10 |
| o.8B | 12 | 2 | 2 | 8 |
| o.9A | 13 | 4 | 1 | 8 |
| o.9B | 7 | 1 | 2 | 4 |
| o.11A | 14 | 10 | 0 | 4 |
| o.13A | 20 | 16 | 0 | 4 |

**Hokkie**
Hokkie is ‘n redelike nuwe sport by ons skool en vanjaar was slegs die tweede jaar wat ons aan ligawedstryde begin deelneem het.  Ons hokkie het die laaste jaar ongelooflik gegroei.  Ons eerste seuns- en dogterspanne het ‘n wonderlike seisoen gehad. Beide spanne het ‘n puik 81% wen of gelykop resultaat gehad. Die spelergetalle het so toegeneem dat daar tydens die jaarlikse interskole 90 dogters en 90 seuns deelgeneem het. Vanjaar het die o.7 – o.8-hokkiespelers vir die eerste keer wedstryde begin speel wat tot groot opwinding gelei het.

Sien hier onder die wedstryde per ouderdomsgroep:


**Hokkie Dogters**

| Spanne | Wedstryde | Wen | Gelyk | Verloor |
|---|---|---|---|---|
| o.7A | 4 | 1 | 0 | 3 |
| o.7B | 1 | 0 | 0 | 1 |
| o.8A | 4 | 1 | 1 | 2 |
| o.9A | 12 | 5 | 1 | 6 |
| o.9B | 7 | 0 | 3 | 4 |
| o.10A | 16 | 10 | 1 | 5 |
| o.10B | 6 | 1 | 1 | 4 |
| o.11A | 16 | 9 | 2 | 5 |
| o.13A | 21 | 14 | 3 | 4 |
| o.13B | 6 | 4 | 1 | 1 |

**Hokkie Seuns**

| Spanne | Wedstryde | Wen | Gelyk | Verloor |
|---|---|---|---|---|
| o.7A | 3 | 1 | 0 | 2 |
| o.7B | 1 | 0 | 0 | 1 |
| o.8A | 3 | 0 | 1 | 2 |
| o.9A | 15 | 8 | 1 | 6 |
| o.9B | 11 | 0 | 4 | 7 |
| o.10A | 17 | 11 | 2 | 4 |
| o.10B | 9 | 2 | 2 | 5 |
| o.11A | 13 | 2 | 3 | 8 |
| o.13A | 21 | 15 | 2 | 4 |
| o.13B | 3 | 1 | 0 | 2 |

Sien hier onder die aantal leerders wat aan die verskillende wintersport deelgeneem het:




Ons spog hierdie jaar weer met verskeie leerders wat hul provinsiale kleure verwerf het:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Jana Olivier | WP-Kleure | Atletiek |
| 2 | Delmar Benecke | WP-Kleure | Atletiek en Tweekamp |
| 3 | Cara Stoltz | WP-Kleure | Netbal |
| 4 | Emma van Biljon | WP-Kleure | Netbal |
| 5 | Adriaan Wessels | WP-Kleure | Tennis |
| 6 | Ané Swanepoel | WP-Kleure | Tennis |
| 7 | Dawid-Wiese Viljoen | WP-Kleure | Tennis |
| 8 | Jeanne van Heerden | WP-Kleure | Tennis |
| 9 | Rafa Lambrecht | WP-Kleure | Tennis |
| 10 | Stella Pansegrouw | WP-Kleure | Tennis |
| 11 | Stella Lamprecht | WP-Kleure | Tennis |
| 12 | Gustav van der Linde | WP-Kleure | Tennis |
| 13 | Frank van der Walt | WP-kleure | Rugby |

Ons het 'n baie suksesvolle Suid-Kaap sporttoer In Junie onderneem wat ons eerste wintersportspanne en o.12A-netbalspan ingesluit het. Die sporttoer sluit ook in die besoek van bekende toeriste besienswaardighede in die Suid-Kaap. Die toerspanne het puik gevaar, aangesien die netbalspanne al hul wedstryde gewen het, terwyl die hokkie- en rugbyspanne onderskeidelik slegs een wedstryd verloor het.

Hierdie jaar het ons ook aandag aan die opknapping van sportfasiliteite sowel as toerusting gegee. Die vierkant in die skool is vernuwe met 'n nuwe speeloppervlak vir die netbalbaan. Nuwe pale, sowel as nuwe paalbeskermers is rondom die pale geplaas. Ons het ook nuwe hokkie-doelbokse vir die gebruik by die St. Michael's veld aangekoop. Nuwe netbalrokkies, rugbytruie en balle met ons nuwe waardes-embleem is vanjaar aangekoop.

### (b) Buite skoolverband

Ons het verskeie leerders wat baie goed buite ons skool in gimnastiek, lewensredding, karate, skiet, figuurskaats en aksie-netbal presteer.

Emma Snijders is opgeneem in die Western Cape Coastal span vir aksie-netbal. Haar span het die goue medalje tydens die provinsialetoernooi verower.

Kyle Messenheimer het sy nasionale kleure in karate verower. Hy het 'n 2de plek by die nasionale kompetisie behaal.

Delmar Benecke en Bailey Thomson het Clifton Lewensreddingklub by die Suid-Afrikaanse byeenkoms verteenwoordig en die volgende prestasies behaal:

- Delmar: Wen goud "beach sprint"
  Wen silwer "1200m Beach run"

- Bailey: Wen silwer "Sprints"
  Wen silwer "flags"
  Wen goud "Beach relay"

Die volgende leerders het in verskeie sportsoorte hulle WP-kleure soos volg vererf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Stella Pansegrouw | WP-Kleure | Gimnastiek |
| 2 | Abi Theron | WP-Kleure | Gimnastiek |
| 3 | Mia van Zyl | WP-kleure | Gimnastiek |
| 4 | Kyle Messenheimer | Nasionale Kleure | Karate |
| 5 | Nina Lubbe | WP-Kleure | Karate |
| 6 | Johan Symington | WP-Kleure | Skiet |
| 7 | Emma Snijders | WP-Kleure | Aksie-netbal |

**Kultuur**

Laerskool Jan van Riebeeck is trots op ons ryk kultuurtradisie met musiek, kore, redenaars, kuns, drama en dans wat aangebied word. Die musiekdepartement het weer hierdie jaar klavier, blokfluit, sang, teorie, viool en kitaar aangebied. Ons het 'n besonderse jaar met verskeie hoogtepunte gehad.

By die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod het 'n rekordgetal van 15 inskrywings vanjaar ons skool verteenwoordig en uitstekend gevaar. Verskeie leerders het vanjaar met Hoogste Lof en Lof sukses bereik in klavier en solo-sang inaggeneem dat sommige nie voltydse musiekleerders is nie en net 'n maand of twee voorberei het vir hulle deelname aan sang. Voltydse musiekleerlinge word aangemoedig om ook aan die instrumentale Eisteddfods deel te neem. Hier is uitstekende punte met baie Hoogste Lof en Diplomatoekennings behaal. Daar word van deelnemers verwag om in Barok, Klassiek, en/of Moderne Styltydperke deel te neem en stukkies voor te dra. Verskeie leerders het aan een periode deelgeneem of al drie die kategoriee. Hier is verskeie Hoogste LOF, LOFplusplus of LOFplus en hier en daar 'n Eervolle vermelding ingepalm asook silwer en goue medaljes. Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik Eisteddfod praak uitslae:

- Antjie Samuel Gr.3: Silwer en Goue medalje vir Eisteddfod spraak.

- Karu Rademeyer Gr.6: Mees veelsydige Laerskool leerder Eisteddfod en Silwer medalje Eisteddfodd spraak.
- Sophia Derksen Gr.6: Silwer medalje Eisteddfod spraak.
- Jean-Jacques Rossouw Gr.1: Silwer medalje Eisteddfod spraak.
- Cato Terblanche Gr.4: Silwer medalje Eisteddfod spraak.
- Kitty Partner Gr.2: Silwer medalje Eisteddfod spraak.

Vyftien leerlinge het aan die UNISA eksterne musiekeksamen deelgeneem en uitsonderlike welslae behaal inaggeneem dat dit hier gaan oor stukkies uit verskillende tydperke, Barok, Klassiek en Modern. Hierdie eksamens sluit ook tegniese oefeninge soos toonlere, gebroke akkoorde ensovoorts in en daar word van elke leerling verwag om ook 'n punt te verwerf in Bladlees (notelees-vermoë) sowel as musikale gehoortoetse. Hierdie uitvoerende eksamens vind in 'n uiters bedrywige akademiese- sowel as sportkwartaal plaas waar leerders ekstra tyd moet inruim vir praktiese instrument beoefening. Ons leerlinge het hier vanjaar die beste ooit presteer met Hoogste Lof, Lofplusplus, Lofplus en een of twee met Eervolle vermelding.

Die Junior- en Senior koor het met baie min en beperkte oefentyd hul beste gelewer en opgetree waar hul kon en 'n hoogtepunt bereik in die derde kwartaal met die Weskus Koorfees. Ons het baie positiewe kommentaar vanaf die beoordelaars ontvang en is geprys met ons keuse van beide kore se repertoire en uitvoering van die onderskeie liedere van die verskillende genres. Ons was ook baie bevoorreg om Anton van Wouw se laerskoolkoor by ons te verwelkom terwyl hulle hul Kaapse koortoer by ons afgesluit het. Ons twee kore het ook weer aan die einde van die jaar by twee Kerssangdienste by NG gemeentes Tamboerskloof en Drieankerbaai opgetree. Hulle het hulsef puik van hul taak gekwyt. Verskeie leerders is ook gekies om aan Musiekblyspele aangebied deur die Hoërskool Jan van Riebeeck sowel as die Kunste Kaap teater deel te neem.

Ons is ook baie gelukkig om 'n finalis op te lewer in 'n Kunstefees aangebied deur die WA Joubert Laerskool in die Paarl.

*Silwervaringtoneelfees*: Ons skool se toneel- en dramagroep onder leiding van juf. Jana het die naweek van 15 – 17 September aan die Silwervaringfees te Laerskool Bastion deelgeneem. Hulle het puik gevaar en ons leerders het met die louere weggestap. Ons skool het ook die prys vir die beste teks gewen. Baie geluk aan die volgende leerders asook juf. Jana. Julle maak ons baie trots.

- Dino Burger Gr.7: Silwer sertifikaat
- Emma Jonker Gr.7: Silwer sertifikaat
- Nevieke Bender Gr.6: Silwer sertifikaat
- Sofia Fourie Gr.7: Silwer sertifikaat
- Regie: Goud
- Ensemble: Goud
- Eddie Quixley Gr.7: Goud
- Zadie Loubser Gr.7: Goud
- Chrystal Conradie Gr.7: Goud
- Samuel Wolf Gr.7: Goud
- Neil Heyns Gr.7: Goud

Baie geluk aan Karu Rademeyer, Abi Fourie en Jacob Venter wat vanaf 12 – 17 September in die Tosca-produksie by die Kunste Kaap Opera Huis opgetree het.



***REDENAARSKOMPETISIES 2023***

Baie geluk aan die onderstaande leerders wat aan die volgende kompetisies deelgeneem het:

<u>Interne redenaarskompetisie</u>

Junior wenner (Gr. 3) – Stef Nel
Senior wenner (Gr.4 – 7) – Sabine Barnard

<u>ATKV deelnemers:</u>

| | |
|---|---|
| Stef Nel | Gr. 3 |
| Riley Smyth | Gr. 3 |
| Pieter Rademeyer | Gr. 4 (Top 10, 8ste plek – Wes-Kaap semi-finale uitdunrondte) |
| Bella Naylor | Gr. 4 |
| Jacques du Toit | Gr.4 (Top 10, 4de plek – Wes-Kaap semi-finale uitdunrondtte) |
| Sabine Barnard | Gr. 5 |
| Elisabet Marais | Gr. 5 |
| Cara Stoltz | Gr. 5 |
| Isabella Marais | Gr. 6 |
| Emma Snijders | Gr. 6 |
| Karu Rademeyer | Gr. 6 |
| Michaan Naylor | Gr. 6 |
| Sophia Derksen | Gr. 6 |

<u>Planeet Jeug Raakprater:</u>

| | |
|---|---|
| Karu Rademeyer | Gr. 6 |
| Pieter Rademeyer | Gr. 4 |
| Riley Smyth | Gr. 3 |
| Sabine Barnard | Gr. 5 |

<u>PodiumPret:</u>

| | |
|---|---|
| Riley Smyth | Gr. 3 – 17de in graad, 12de in kategorie |

Jacques du Toit Gr. 4
Bella Naylor Gr. 4
Pieter Rademeyer Gr. 4 – 5de in Graad, 4de in kategorie
Elisabet Marais Gr. 4
Sabine Barnard Gr. 5 – 13de in Graad, 11de in kategorie
Isabella Marais Gr. 6
Michaan Naylor Gr. 6
Sophia Derksen Gr. 6
Karu Rademeyer Gr. 6 – Graadwenner en kategoriewenner! Naam word op plaatjie by Taalmonument geplaas.
Emma Snijders Gr. 6

Radikale Redenaars: Geen direkte uitslae, slegs deelname sertifikate
Emma Snjiders Gr. 6
Karu Rademeyer Gr. 6
Sabine Barnard Gr. 5
Pieter Rademeyer Gr. 4
Riley Smyth Gr. 3

***Jannies Talent***: Op Woensdagaand, 30 Augustus, is die jaarlikse en gewilde Jannies Talent-aand gehou. Weereens laat ons talentvolle Jannies 'n mens stomgeslaan staan met hul unieke talente en selfvertroue. Ek wil elke deelnemer met hul puik optrede hartlik gelukwens. In my oë was hulle almal wenners! Baie geluk aan die volgende leerders wat op die aand as trofee-wenners aangewys is:

- André Marais
- Armand Coetzer
- Jean-Jacques Rossouw

Baie geluk aan Gerhard en Chrystal Conradie wat vanjaar in verskeie advertensies en films opgetree het.

**Geboue en Terreine**


Soos die vorige jaar is daar vanjaar weer verskeie projekte aangepak om seker te maak dat ons infrastruktuur opgegradeer word tot 'n standaard wat ons kompeterend met ander skole maak. Dit sluit die volgende projekte/opgraderings in:

- Die vierkantprojek is afgehandel en ons kan visualiseer hoe dit binnekort in 'n pragtige lushof gaan verander. Sien gerus foto's van gedurende die projek asook die finale vierkant






- Verfwerk van die parkeerarea is voltooi.  Projek is deur Werner du Toit (ouer) geborg.

- Spieëls in die saal is met veiligheidspieëls vervang.  Geborg deur Fabio Schincariol (ouer).
- 12,5KVA kragopwekker is aangekoop om die Wi-Fi, ligte en sekere kragproppe van die administratiewe kantore te hanteer.
- Die beskadigde 'vibracrete' muur aan die agterkant van die skool is herstel nadat 'n ouma per ongeluk dit omgery het.





- Opgradering en uitreik van COC is deur ReGreenEnergy afgehandel.
- Die oprigting van ‘n drinkfontein (vanjaar se Gr. 7-geskenk aan die skool) is afgehandel. Baie dankie aan al die Graad 7-ouers vir die wonderlike inisiatief.



- ***Jan Kas (Klerebank):*** Opgradering van die ou konsertstoor na ‘n funksionele Klerewinkel, bekend as Jan Kas is afgehandel en vanaf 30 Oktober operasioneel.

***Voor:***





***Na:***



- Aanwysingsborde vir Jan Kas is opgerig:







- Kameras: In al ons GF-klasse by die Laerskool geïnstalleer.
- Laat my ook toe om Gerhard Conradie hartlik te bedank wat die week van 04 – 08 Desember sy span mense gestuur het om die mini-sportveld agter die skool kompos asook 'n bolaag sand toe te dien. Baie dankie Gerhard, ons het groot waardering.
- ***Huppelland Bouprojek:*** Vorder baie goed. Personeelkamer, nuwe toilette, biblioteek, Louise se kantoor, verandering aan die klubhuis met binnebraai en stoorgeriewe is voltooi. Nog net die terapielokaal wat teen die einde van die jaar afgehandel sal wees. Bouplanne vir goedkeuring van die Balletsaal is by Stad Kaapstad en WKOD ingedien en hopelik kan bouwerk reeds vroeg in Januarie 2024 begin. WKOD het die amptelike toestemming gegee om met die projek te kan begin.









- Die ablusiegeriewe van die terreinpersoneel wat op die skoolgronde woonagtig is, is opgradeer. Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het.





Algemene onderhoud is deur die loop van die jaar gedoen. Die terreinpersoneel het uitstekende werk verrig om die terrein netjies en skoon te hou. Dit sluit hulle verpligtinge om te verseker dat die tuine netjies bly, optel van blare in die verskeie areas, sny van grasperke en die onderhoud van die swembad. Velde kry in die somermaande baie water d.m.v. boorgate en word ook drie keer 'n jaar vir onkruid gespuit. Verskeie bome is by die skool gesnoei om te verseker dat daar nie skade aan die geboue gerig word nie.

**Finansies**

2023 het afgeskop met 'n voorspelde tekort a.g.v. minder leerdergetalle by die skool, as waarvoor begroot is. Die tekort is aangevul die jaar deur die nasorg waar die vraag vir nasorg by beide die skool en Huppelland toegeneem het. Die inskrywings (leerdergetalle) by Huppelland is ook meer as waarvoor begroot was.

.

Deur doeltreffende bestuur rakende die invordering van skoolfonds en spadering volgens die voorgeskrewe begroting toe te pas word 'n klein surplus vir 2023 voorspel. Baie dankie aan al ons ouers/voogde wat die skoolfonds so pligsgetrou betaal het.

Finansiële notas vir 2023 is as volg:

- Ad hoc spanderingsversoeke, buite die begroting sover moontlik te vermy.
- Skoolfondsinvordering doeltreffend te bestuur.
- Deurlopende prioriteitslys te hou, in lyn met strategiese beplanning.
- Benadering tot finansies voortdurend te vestig dat die skoolfonds te alle tye aangewend moet word, tot vooruitgang van die leerders.

Die jaarlikse begrotingsvergadering met ouers is op Maandag, 6 November 2023, om 18:00 in die biblioteek gehou. Tydens die vergadering is die 2024 begroting asook die verhoging van 8.2 % (Gr.1-3) en 11 % (Gr.4-7) in skoolfooie goedgekeur. Die verhoging in skoolfooie word grootendeels aan inflasie, tegnologie-opgradering, opvoedkundige materiaal, kapitale uitgawes en instandhouding toegeskryf.

**Nasorg**

Die Lizelle Kilbourn Nasorgsentrum is 'n veilige plek waar ons Jannies na skool lekker sosiaal kan verkeer, of verder hul vermoëns en talente op kulturele- en sportgebied kan uitbrei. Smiddae is dit 'n spilpunt van Laerskool Jan van Riebeeck aktiwiteite.

Dit was 'n lekker en besige jaar by die nasorg en die jaar het afgeskop met opleiding oor Groei Ingesteldheid. Die personeel het drie opleidingsessies hieroor bygewoon en het geleer wat hierdie positiewe benadering tot uitdagings behels, sodat hulle ons Jannies beter kan ondersteun met hierdie denkwyse. Die personeel het terselfde tyd geleer hoe om hierdie manier van dink in hul eie lewens toe te pas, wat 'n positiewe uitwerking op samehorigheid en spanwerk in die nasorg gehad het.

Daar is verder uitgebou op die verandering wat in 2022 ingebring is en die nasorg is in Junie opgeknap, uitgeverf en die badkamerdeure is ook opgekikker. Mojo, die Groei Ingesteldheid Dojo, is na hierdie verfwerk saam met verskeie Groei Ingesteldheid slagspreuke, op die mure van die nasorg gesit om ons Jannies te herinner dat hulle enige iets kan vermag as hulle aanhou probeer.





Daar is nog meer blokkies, sporttoerusting en speelgoed aangekoop en die nasorg bedien nou vars vrugte op Vrydaemiddae terwyl die leerders ontspan en kuns aktiwiteite kan doen.

Die nasorgspan probeer werklik om dit lekker vir die leerders te maak om die middag daar deur te bring en reël nou ook twee kwartaal afsluitings, een aan die einde van Junie en een aan die einde van die jaar.  In Junie is daar springkastele gehuur en in die saal geplaas en die leerders kon die hele middag op die verskeie springapparaat baljaar.  Die jaar sluit af met 'n "slip en slide" en nasorgpartyjie.

Ouers sou ook waargeneem het dat daar personeelskuiwe in die nasorg plaasgevind het.  Juf. Madri Greyling het laasjaar haar B.Ed Grondslagfase graad ontvang en juf. Dolinda Mfulo het ook laasjaar begin met haar studies om haar matrieksertifikaat te verwerf.  Juf. Magdel Fourie by Huppelland (Graad 00 – Hasieklas) is aan die begin van die derde kwartaal op kraamverlof en juf. Madri los in haar plek af.  Juf. Dolinda neem tans as Hoof van Nasorg waar en ons is baie trots op haar vir die manier hoe vinnig sy die leisels oorgeneem het asook met die hele span wat so mooi saamwerk.

**<u>Huppelland</u>**

Ons skop die jaar af met 'n lekker inkomste deur ons Ons Gr. 00 se gesamentlike Tandeborselkunswerk wat aan 'n tandarts in Johannesburg verkoop is. Hy het besluit om die kunswerk by Huppelland teen R5 000 te koop nadat hy dit op sosiale media gesien het. Die Gr 00 Hasieklas het die fondse gebruik om iets spesiaal vir hulle klas en vir die speelgrond te koop.



Ons eerste Huppellandkamp op 24 Februarie was ‘n groot sukses, gereël deur Pieter Geldenhuys. Daar is na afloop van die kamp ‘n datum in die dagboek gesit vir die tweede kamp, op 27 Oktober. Die kamp is gehou en was net so ‘n groot sukses.

Ons onvergeetlike Stef Bos konsert op 2 Maart was ‘n hoogtepunt van die jaar. Stef Bos se betowerende optrede onder die sterre, sal ons lewenslank bybly. Dit het ons laat lag en huil, laat deel voel van ons stad en ons land en ons bande as Huppellanders versterk. Die komposisie en opname van ons eie skoollied is ‘n ewige geskenk van ‘n man met ‘n reuse hart en talent. Die inkomste van die Stef Bos konsert word na ons Huppelland bouprojek geallokeer.



Die Metro se Polisieperde- en honde was ‘n hoogtepunt onder ons Huppellanders. Ons kleuters se oog- en gehoortoetse is ook in die eerste kwartaal afgehandel.

Huppelland se eerste boekverkoping het rekordverkope bereik en ons het meer as

R 4 200 kommissie verdien uit die verkope, waarmee ons nuwe boeke vir ons biblioteek kon bestel het.





Ouma en Oupa of Spesiale Persone Dag, 30 Maart, was ‘n oggend waarna ons Huppellanders vir maande uitgesien het. Oumas, oupas en spesiale gaste het van oral gekom om die onvergeetlike oggend saam te vier en te geniet. Ons Huppellanders het die gehoor betower met hul pragtige liedjies en oulike gediggies.



Met Laerskool Jan van Riebeeck se jaarlikse, opwindende Kaperjolle het Huppelland vir die eerste keer 'Kinderland' bestuur. Huppelland het 'n wins van R 11 470 deur Kinderland gemaak. Alle speelgoed en bydraes is aan die Kinderhuis geskenk. Met die wins van Kinderland is die nuwe Huppellandvoorskote vir al ons klassies gemaak. Alma van den Berg, se besigheid, Spilt Milk Designs, het die voorskote vir ons ontwerp en laat maak.






**Huppelland bouprojek begin in April 2023:**

- Nuwe personeelkamer word in die klubhuis gebou.
- Die klubhuis word vergroot en vernuwe.
- Nuwe terapiekamer.
- Ou terapiekamer word vernuwe.
- Ou personeelkamer word vernuwe en verander in 'n kantoorspasie vir die departementshoof.

- Roxanne se kantoor word vernuwe.









Ons pragtige plantbak vir ons inheemse sensoriese kruietuin arriveer uit Knysna. Dit word beplant met inheemse, sensoriese kruie. Die kruie in ons plantbak is: Wilde Malva Citronella (Pelagonium Citronellum), Kruisement/Balderjan (Mantha Longfolia), Anysboegoe (Agathosma Cerefolium), Sterretjies jasmyn (Jasminum multipartitum), Wilde Malva (Pelargonium cucullatum), Kapokbos/Wilde roosmaryn (Eriocephalus africanus), Wilde-Als/African-Wormwood (Artemisia afra).





Die nuwe voorskote word deur juffrouens en klasassistente tydens die skooldag gedra.



Op Donderdag, 19 Oktober, het ons jaarlikse kunsuitstalling en openingsaand in die nuwe klubhuis plaasgevind. Die kunsuitstalling het hierdie jaar effens anders gewerk. Drie kunstenaars het ons grade kom inspireer. Ons Gr R kunstenaar was Michael Taylor, ons Gr 0 kunstenaar was Ruschka du Toit, en ons Gr 00 kunstenaar was Shakes Thembani. Die kunstenaars het ook die kunsuitstalling bygewoon en van hulle eie werke uitgestal en verkoop.






Die volgende groot geleentheid was ons epiese Huppelland Kamp wat op 27 Oktober plaasgevind het en weer deur Pieter Geldenhuys gereël is. Dit is nou ‘n jaarlikse instelling en ons kyk reeds na 27 Februarie in 2024.



Ons Gr. R-kleuters se Seerowerkonsert is Vrydagaand, 17 November, in die Laerskool se saal opgevoer. Dit was ‘n reuse sukses en ons ouers en Huppellanders was mal daaroor. Dankie aan die harde werk van ons juffrouens, klasassistente, ouers en Huppellanders om die sukses daarvan te verseker.







Ons laaste Huppelland Braai en Piekniek is op 30 November op die Conradieveld gehou. Dit was ‘n reuse sukses. Dit was ‘n onvergeetlike, windstil aand waar ouers en Huppellanders tot laataand gekuier en gespeel het.

**Balletsaal**
Ons wil graag ouers/voogde oor die bou van die nuwe Balletsaal inlig, wat vir Januarie 2024 beoog word. Die pragtige gebou sal in die area opgerig word waar die geel skadunet vir George se rooi bakkie tans staan. Hierdie balletsaal is ‘n skenking deur ‘n weldoener en word glad nie deur die skool befonds nie. Die balletsaal sal deur Sue de Moyencourt bestuur en behartig word. Ons eie Huppellanders se balletlessies sal steeds as ‘n buitemuurse aktiwiteit, tydens skoolure, deur Penny Bartoni behartig word. Sue sal die nuwe balletsaal ná ure vir balletlesse gebruik. Volgende jaar sal Sue se lesse middae in die klubhuis aangebied word.

**Terapiesentrum**
Huppelland se terapiekamer sal vir 'n jaar deur Arbeidsterapeut, Cornelia Liebentritt van Success Therapy Centre, gehuur en bestuur sal word. Ons is bevoorreg om haar en haar mede terapeut, Simóne Vorster, as deel van ons Huppellandspan te verwelkom.

**MHK/Personeel**

Daar was hierdie jaar 84 personeel op die skool se diensstaat asook 4 terapeute; 3 eksterne musiekopvoeders en talle buite-afrigters vir sport.

Ons personeel is ongelooflik toegewyd en gee regtig om vir mekaar, ons leerders en die hele skool gemeenskap.  Hulle het baie ingesit om ons sport en akademie na nuwe hoogtes te neem en het baie van hulle tyd en liefde vir die skool gegee.

Die jaar het afgeskop met een van ons Huppelland-opvoeders nl. Naomi Uys in Gr. 2 wat laerskool toe geskuif het. Sy het vinnig by die Grondslagfase ingeskakel, haar voete gevind en 'n daadwerklike bydra tot die laerskool gemaak.  Juf. Michelle Compion het aan die begin van die jaar opgeskuif graad 3 toe (in juf. Benita Smit, ons vorige Departementshoof van die Grondslagfase) se plek.   Juf. Benita het ons aan die einde van die eerste kwartaal verlaat en het 'n bevordering as Adjunkhoof Grondslagfase by Laerskool de Hoop, in Somerset-Wes, aanvaar.

Hoewel hierdie jaar 'n uitdagende en hartseer jaar vir juf. Raché de Goede as gevolg van die tragiese afsterwe van haar man was, het sy die leisels by juf. Benita oorgeneem en ons is baie trots op haar.  Sy was vanaf 01 April 2023 waarnemende Departementshoof van die Grondslagfase en het haar uitstekend van haar taak gekwyt, baie vermag en haar span puik gelei. Dit is vir ons wonderlik om dan ook aan te kondig dat sy permanent vanaf 1 Janurie 2024 deur die Wes-Kaapse Departement van Onderwys (WKOD) as Departementshoof: Grondslagfase aangestel is.

Drie van ons ander personeellede is hierdie jaar permanent deur die WKOD aangestel, naamlik, juf. Shahneé Felix, me Beaulah Matthews en juf. Mardry Wright.

Ons was hierdie jaar geseënd met 'n hele paar swangerskappe by die skool en die Jan van Riebeeck-familie het gegroei.  Juf. Magdel Fourie het 'n baba dogtertjie ryker geword – Karli Fourie; juf. Maricqe Coetzer het 'n baba seuntjie gehad – George Coetzer en juf. Michelle Compion is geseën met 'n baba dogtertjie – Jolienke Compion.  Juf. Nicola Potter is ook swanger en haar babatjie gaan een van die dae gebore word.  Hierdie swangerskappe beteken dat daar 'n paar personeelskuiwe en groei geleenthede was en dat ons ook aflospersoneel moes aanstel.  Juf. Madri Greyling van die nasorg los tans by Huppelland in Gr. 00 af en juf. Dolinda Mfulo neem in haar plek as Hoof van Nasorg waar.  Juff. Anene Loots en Marlize ter Borg los tans af in die twee Gr. 3 klasse en juf. Michelle Eeken sluit volgende jaar tydelik by ons aan in juf. Nicola se plek.

Ons het dan ook die volgende aanstellings gedurende die jaar gemaak –  Me. Megan Zondagh as Biblioteek en Digitale Geletterheid Onderwyseres en me. Clothilda Thomas as 'n addisionele personeellid vir die nasorg by Huppelland.  Clothilda was laasjaar by ons as 'n

Presidential Youth Employment Initiative (PYEI) intern en dit is vir ons baie lekker om haar weer terug by ons skool te hê.  Ons het hierdie jaar weer twee PYEI Assitente gehad wat by ons in die Grondslagfase uitgehelp het, naamlik me. Lesley-Ann Pieters en me. Jody Louw. Hulle was vanaf 1 Februarie tot 30 November 2023 by die skool geplaas.

<u>Die volgende personeel verlaat ons ongelukkig aan die einde van 2023:</u>

- Juf. Suné Alberts  (Gr. 7) – sy trou in Januarie 2024 en verhuis na Stellenbosch.
- Juf. Lauren Janse van Renburg (Gr. R) – verhuis na Bloemfontein.
- Juf. Mathilda Bell (Huppelland nasorg) – tree af.
- Juf. Helecia Groenewald (Hoof van Musiek) – tree na 42 jaar af.
- Oom Steyn het ook na jaar 26 jaar aan die einde van die derde kwartaal, afgetree.

<u>Die volgende personeel sluit by ons in 2024 aan:</u>

- Juf. Carla Basson – Gr. 00-opvoeder (Hasieklas)
- Juf. Anika le Roux – Gr. 4-opvoeder (Wiskunde en PSW)
- Juf. Rolene van Zyl – Hoof van Kultuur en Musiek
- Juf. Lia-Marié Mudini – Nasorgbestuurder by Huppelland

<u>Graadskuiwe (onderwysers) vir 2024:</u>

- Juf. Liezel Theron skuif na Gr. R (Huppelland) en juf. Lize Terblanche skuif vanaf Gr. R na Gr. 1 in Liezel se plek.
- Juf. Magdel Fourie skuif na Gr. 0 in juf Thearesa Visser se plek wat weer Gr. R toe skuif.
- Juf. Maricqe Coetzer skuif vanaf Gr. 3 na Gr. 2.
- Juf. Ischké Felix skuif vanaf Gr. 4 na Gr. 5.  Nuwe aanstelling, juf. Anika vervang haar in Gr. 4.
- Mnr. Warren Stoman skuif na Gr. 7 aangesien juf. Suné Alberts die skool verlaat.

## <u>**Leerderraad**</u>

Nadat die leierskapbeleid gedurende 2022 aangepas is, het ons besluit om aan die einde van 2022 dertien Gr. 6-leerders aan te wys om as leerderraadslede vir 2023 op te tree. Hierdie leiers verteenwoordig hul graadgroep op verskeie vlakke en ontwikkel op hierdie manier verdere leierskapvaardighede.  Dis belangrik om te weet dat die res van die graad 7-groep wat nie tot leerderraad verkies is nie ook betrek word om met verskeie projekte van hulp te wees asook om hul leiervaardighede te ontwikkel. Hulle help met onder andere die volgende klastakies:

- organisering van funksies – somersokkie, gr. 7-sokkie, gr. 7-fondsinsameling, geesweek.
- bied saalbyeenkomstes gedurende die jaar aan.
- lewer toesprake by die onderskeie prysuitdelings.
- en help oral waar verwag word.

Aan die einde van kwartaal 2 het die Gr. 7's die geleentheid gehad om vir hul hoofseun en -dogter (Jan-Willem Silvis en Mieke Huysamen) te stem.  Hierdie twee leerders lei die res van die groep vanaf kwartaal 3.

Ons fokus is om leierskapvaardighede op verskeie maniere te ontwikkel – of die leerder op of nie op die leerderraad dien nie.  Ons is trots om te noem dat ons skool werklik uniek is tot

die manier hoe ons die leerderraad verkies en wanneer ons die leiers aankondig. Ons glo dat daar vir alle leerders genoeg kans is om teen hul eie tempo leierskapvaardighede op verskeie vlakke in die laerskool te ontwikkel. Ons voel egter sterk daaroor dat ons wel leierskap wil uitlig sodat leerders in hul Gr. 7-jaar vir hoërskool voorberei kan word.

**OOV**

Die funksie van die OOV (Ouer-Onderwyser-Vereniging) is om as skakel tussen die ouers en die onderwysers te dien en 'n lewendige ouerbetrokkenheid te kweek. By Laerskool Jan van Riebeeck is ons bevoorreg met ons aktiewe, betrokke, belangstellende en sosiale gemeenskap daarom poog ons om elke kwartaal 'n geleentheid te hou vir die ouers en die onderwysers om saam te sosialiseer.

Die volgende funksies word deesdae onafhanklik van die OOV bestuur:

- Ons is bevoorreg dat die snoepie en sportbyeenkomste deesdae deur die skool, onder die bekwame leiding van Leon Hanekom, bestuur word.
- Die vlagskip fondsinsamelingsfunksie van die skool, die jaarlikse veilingsdinee in die tweede kwartaal, word ook die afgelope paar jaar apart onder leiding van sy eie ouerbestuurspan bedryf. Odette Faling, Freda Theron, Mari Kushner, Joanita du Toit en Martie Viljoen het hulle hierdie jaar puik van hul taak gekwyt.
- Hoewel die Bring-en-Raai Quiz-aand in die derde kwartaal amptelik 'n OOV geleentheid is, het Karien Zulch dit sedert sy aanvang op haar geneem om die geleentheid met behulp van ouers te reël en aan te bied. 2023 was weer eens niks minder nie as 'n reuse sukses.

Die funksies wat in 2023 deur die OOV gereël en aangebied is, was die bekendstellingsfunksie in Januarie (nog onder leiding van Ria Hertzog), die Kaperjolle in April en die kroeg by Jannies Talent in Augustus.

Die bekendstellingsfunksie in Januarie is 'n wonderlike geleentheid vir nuwe ouers om ons te leer ken en vir ou gesigte om weer op te vang na die lang vakansie. Dat ongeveer 300 ouers en onderwysers elke jaar hiervoor opdaag, is 'n getuigskrif dat die "foodtruck" konsep tesame met die kroeg 'n wenkombinasie is. 2023 was geen uitsondering gewees nie en ons sê vir Ria Hertzog baie dankie.

Kaperjolle 2023 was nie sonder uitdagings nie. Wind en reën was voorspel, maar na 'n gewik-en-weeg het ons besluit om voort te gaan. Ten spyte van 100mm se reën het ons ouers in hulle massas opgedaag. Alhoewel die doel van die dag nie om winsbejag is nie, het ons R100,000 vir die skool in die proses ingesamel.

Met die jaarlikse Jannies Talent-aand is die OOV vir die eerste keer gevra om 'n kroegie van soorte te bedryf. Dit het 'n heerlike geleentheid vir die ouers geskep om by tafeltjies te sit en hulle snoepie-voorbereide etes met 'n glas te kon geniet.

'n Groot dankie aan ons OOV-voorsitter, Coreen Scholtz, en al ons meelewende ouers. Die 2023 OOV-span het niks ontsien om hulle hulp aan te bied, onderwysers se verjaarsdae spesiaal te maak en altyd 'n hand op te steek nie. 2023 was 'n suksesvolle en lekker jaar en ons sien uit daarna om daarop voort te bou in 2024.

**Personeelopleiding**

Ons maak jaarliks voorsiening in ons begroting om te verseker dat daar effektiewe personeelopleiding gedurende jaar geskied.

- Sensoriese integrasie – Dedré van Wyngaardt (arbeidsterapie)
- Leierskap – Jonty Thomson
- ADHD - dr Hanneke Heyns
- PDA – Optima-kliniek (Rust & Vrede); Natasha Smit
- PDA – Neurodiversiteit (x 3 personeellede)
- SUMMIT – Rian Truter
- IKT – digitale aanlyn opleiding aan onderwysers
- WKOD-opleiding bv. Funda en Bala Wande
- Lynette Beer – positiewe gedagtes

Verskeie ander webinars en opleiding is bygewoon wat deur Fedsas, WKOD, MCED, SAOU, SUMMIT (Rian Truter), sportwerkswinkels, en die studiekursusse vir graad 4 - 6-leerders, ens. aangebied is. Opleiding is dus nie net deur eksterne instansies gelewer nie.

**Uitreikprojekte en Welwillendheid**

Die skool se doel met uitreike is om die gemeenskap en leerders te ondersteun. Die skool help 23 behoeftige leerders met skryfbehoeftes; skoolklere; voedsel; kampe/uitstappies/ terapie en funksies by die skool.
Die volgende projekte per kwartaal is vir Welwillendheid aangepak:

*KWARTAAL 1*
Die skool het skryfbehoeftes en paaseiers ingesamel. Dit is vir Laerskole Prestwich en Ysterplaat geskenk.
*KWARTAAL 2*
Gedroogte sopprodukte is ingesamel en is vir Mandeladag uitgedeel aan behoeftige mense in Ysterplaat en vir Laerskool Prestwich se kombuis.
KWARTAAL 3 & 4
Tweedehandse (vorige skooldrag) skoolklere is ingesamel en word aan kinders in Namibië geskenk. Baie dankie vir elkeen se ruim bydra.

## Tegnologie

Ons het in Februarie 2023 2-in-1 skootrekenaars/tablette vir al die graad 5-leerders en in Oktober 2023 vir die graad 5's van 2024 aangekoop. Ons gaan steeds in 2024 van die Chromebooks vir graad 4 en 7 gebruik maak tot ons nog 'n stel skootrekenaars kan aankoop. Die STEM-lokaal het ook 15 skootrekenaars ontvang wat in 2024 deur leerders vir Kodering en Robotika gebruik sal word.

Ons het in 2023 migreer vanaf die Google werkspasie na die Microsoft omgewing. Opvoeders gebruik Teams om werk in klasse met leerders te behandel en om huiswerk op te laai. Microsoft is deurlopend besig om veranderinge in “Teams for Education” aan te bring en ons is opgewonde oor die verbeteringe wat beplan word wat ook 'n ouerkomponent gaan insluit.

Die infrastruktuur word tans opgradeer.  Alle skakelaars en AP's word in die skool vervang, sodat meer toestelle aan die Wifi kan konnekteer sonder enige onderbrekings.  Die internetspoed word verdubbel vanaf 250MB na 500MB.

Kommunikasie sal van die einde van die jaar via Whatsapp Communities plaasvind. Baie beplanning en navorsing het hierin gegaan en ons sien uit daarna om die nuwe kommunikasiestruktuur te implementeer.

**Skooldrag**

Toe die beheerraad gedurende 2022 besluit het dat die skooldrag van die laerskool by 'n meer moderne, gemakliker leefstyl moet aanpas, was die hooffokus ons leerders se spesiale behoeftes.  Skool soos ons (volwassenes) dit as kinders geken het, het nogal baie verander al lyk skool van buite die skoolgebou nog dieselfde.  Hierdie aanpassings wou ons dus aanspreek sonder om enige akademie prys te gee.  Inteendeel – ons het hierdie afgelope jaar gesien dat leerders soveel beter presteer en ontwikkel binne 'n ruimte wat gemakliker en interaktief is.  Sodra kinders veilig en gemaklik voel, vind leer op baie meer vlakke plaas as wat ons (as volwassenes) ooit ervaar het.  Ja, die jaar was voorwaar die 'smartie'jaar en net soos voorspel, moes hierdie oorgang op hierdie manier gebeur om almal kans te gee om aan die meer informele, dog netjiese nuwe uniform wat vanaf 2024 verpligtend sal wees, gewoond te raak.

Ons het besluit om heeltemal weg te beweeg van die drie kleure nl. oranje, blou en wit te same op een kledingstuk.  Ons fokus is nou op skooldrag wat wit en donkerblou en sportdrag wat oranje en donkerblou is.  Verder het ons dit ook goed gedink om twee verskillende uniforms vir Gr. 1-3 en Gr. 4-7 te ontwerp.  Ons het verder moeite gedoen om die skoolhempies (gholfers) se materiaal te kies sodat dogters ewe gemaklik as seuns sal voel.  Styl, vorm en hedendaagse behoeftes is so goed moontlik aangespreek om leerders op alle vlakke te akkommodeer.  Hierdie nuwe skooldrag behoort ook by ons stygende ekonomiese behoeftes te pas.

Met die ontwikkeling en implementering van die skooldrag het ons besef dat 'n nuwe, vars winkel nodig is om aan ons ouers en leerders se behoeftes te voldoen.  Jan Kas het ontstaan deur die winkel te skuif vanuit die vragskiphouer agter op die veld na 'n ander lokaal aan die voorkant van die skool.  Twee graad 6-leerders (Hila Hertzog en Ruben Eksteen) het die naam van hierdie winkel uitgedink.  Hierdie lokaal is groter en netjies toegerus om ouers met kaartfasiliteit te ondersteun.  Verder het Marié Cruywagen baie ure spandeer om 'n puik aanlyn winkel op die been te bring wat Jan Kas nou sommer 'n kompeterende winkel vir ander gevestigde groothandelwinkels maak. Suzaan Coetzer bestuur albei het platforms van Jan Kas baie effektief en sorg dat ouer en kind baie goed gediens word.  Vinniger, meer effektiewe diens is ons fokus.




Ons is dankbaar vir elkeen se ondersteuning met hierdie nuwe inisiatief. Uitmuntendheid word op alle vlakke vereis en ons kan dit net bereik indien ons saamwerk. Ons glo dat ons leerders een van die dae sommer baie spoggerig sal lyk.

## Woord van dank

‘n Opregte woord van dank aan ons dinamiese Beheerraad wat hul portefeuljes met groot verantwoordelikheid opgeneem het om seker te maak Laerskool Jan van Riebeeck gaan van krag-tot-krag.

Graag wil ek die EXCO (skoolbestuurspan) en personeel hartlik bedank vir hul toewyding, omgee en onbaatsugtige bydra om die sukses van ons skool te verseker. Laat my ook toe om ons Adjunkhoof, Marinda, te bedank vir haar lojale ondersteuning en bystand.

Baie dankie aan ons ouers en weldoeners wat vanjaar finansiële bydraes tot ons skoolprojekte gemaak. Ons het groot waardering!

Dan laaste, maar nie die minste nie, wil ek ons ouers/voogde opreg vir hul ondersteuning, lojaliteit en betrokkenheid by die skool bedank. Ouerbetrokkenheid bepaal die sukses van enige skool en julle het dit met vlieënde vaandels geslaag.

## Afsluiting

Dit is vanjaar my derde jaar as Skoolhoof by Laerskool Jan van Riebeeck en mag die dinamiese skool jaarliks net van krag-tot-krag gaan en sy leuse van ***Wees Jouself*** uit te leef waar die Jannies nog kind kan wees en kan uitsien om skool toe te kom. Die skool moet altyd hul gelukkige en veilige spasie wees waar hulle saam met die personeel pret het terwyl hulle leer.

Vanjaar was ‘n besonderse besige jaar met ‘n popvol spyskaart van skoolaktiwiteite wat terdeë deur die leerders, ouers/voogde en personeel geniet is.  Vir seker het dit logistieke uitdagings vir ons ouers/voogde gebied om hul kind/ers betyds en veilig by al die skoolaktiwiteite te besorg, maar ons voorsien met die kultuurspyskaart wat gedurende 2024 aansienlik gaan uitbrei, gaan ons baie, maar lekker besig wees.

Graag wens ek vir ons skoolgemeenskap ‘n wonderlike rustyd en ‘n geseënde feestyd saam met vriende en familie toe.  Mag 2024 vir ons almal baie voorspoedig wees met ‘n volgehoue beker van dankbaarheid wat oorloop.

Vriendelike groete

**Naas Beets**
**SKOOLHOOF**
**12 Desember 2023**